Potchefstroom

Laeveldse erfenis

—deur Peter Hammond

Potchefstroom was die eerste dorp wat die Voortrekkers in die Transvaal gestig het. Dit was die moederstad van die Transvaal Republiek en die geboorteplek van die Afrikaanse Bybel.

Andries Hendrik Potgieter

Andries Potgieter was die stigter van Potchefstroom. Hy is in Tarkastad in die Kaapkolonie gebore, waar hy 'n skaapboer was. Hy het die derde groep Voortrekkers uit die Kaapkolonie gelei, deur die huidige Oranje-Vrystaat na wat die Transvaal sou word. Op 16 Oktober 1836 is sy geselskap deur die Matabele aangeval.

Die eerste skote van die Anglo-Boereoorlog is op 16 Desember 1880 op Potchefstroom afgevuur toe 500 Boere die dorp binnegery het om die drukkery te beset.

Die pad van bloed

Mzilikazi se Matabele-krygers het selfs meer verwoesting as Shaka en Dingaan saam gesaai. Die Mfekaan wat hulle van stapel gestuur het, het tot die uitwissing van meer as 156 stamme gelei en die dood van meer as twee miljoen mense wat in Mzilikazi se 'pad van bloed' gesterf het, het die gebiede van die huidige Natal, die Oranje-Vrystaat en die Transvaal onbewoon gelaat. Die paar oorlewendes het by Potgieter om beskerming gepleit.

Vegkop

Andries Hendrik Potgieter het Mzilikazi se Matabele in 1838 by die Slag van Vegkop oorwin. Sarel Cilliers en die jong Paul Kruger was deel van Potgieter se manne wat die onverslane Matebele-krygers oorwin het. Net 33 mans en 7 seuns het 5 000 Matebele-krygers verslaan. Na die geveg is 1 137 assegaaie van

Andries Hendrik Potgieter en sy tweede vrou, die weduwee Van Emmenis

Die Noordwes Universiteit

NG Kerk

Die Stadsaal

Die huis van Totius

binne die laer versamel. Die Voortrekkers het die verwoestende Matabele-krygers na die noorde van die Limpopo verdryf waar hulle Matebeleland gestig het (die hedendaagse Zimbabwe). Kort ná hierdie oorwinning is die dorp, Potchefstroom, uitgelê.

Hoofstad

Oorspronklik is dit Mooirivierdorp genoem, toe Potchefspruit, en uiteindelik Potchefstroom. Die oorspronklike dorp is geteister deur vloede en die dorp is toe verskuif en rondom 'n kerk herbou. Van die begin af was Potchefstroom 'n belangrike handelsentrum en in 1848 was dit die oorspronklike hoofstad van die Transvaal. In 1854 is die hoofstad na Pretoria verskuif, maar Potchefstroom is steeds as die hoofstad van die Republiek erken.

Sandrivier-konvensie

By die Sandrivier-konvensie van 1852 het die Britse regering die onafhanklikheid van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) erken. Artikel 17 van die ZAR se konstitusie het verklaar dat Potchefstroom, wat aan die Mooirivier geleë is, die hoofstad van die Republiek sal wees.

Oorlog

Die eerste skote van die Anglo-Boereoorlog (Eerste Vryheidsoorlog) is op 16 Desember 1880 op Potchefstroom afgevuur toe 500 Boere die dorp binnegery het om die drukkery te beset. Die Britse soldate wat gepoog het om hulle te stuit, is in 'n hewige skietgeveg verdryf en het na die ou fort teruggeval waar hulle vir drie maande lank beleër is.

Vrede

Ná die Boere-oorwinning by die Slag van Majuba en die Vredesooreenkoms is die beleg vriendskaplik beëindig met generaal Piet Cronje se uitnodiging aan die Britse offisiere na 'n dinee by die Royal Hotel. Die volgende dag het die Britse soldate met vlieënde vaandels en tromgeroffel uitmarsjeer en die fort aan die Republikeinse magte afgestaan.

Konflik en konsentrasiekamp

Gedurende die Tweede Anglo-Boereoorlog (Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902) het generaal De Wet en lord Methuen tydens die Slag van Tygerfontein op 7 Augustus 1900 teen mekaar te staan gekom. Die Britte het 'n konsentrasiekamp in Potchefstroom opgerig om Boerevroue en –kinders, asook ouer manne, gevange te hou. Die begraafplaas van die Vyfhoek-konsentrasiekamp is hedendaags 'n gedenkterrein. Dit lys die name van 967 kinders, 117 vroue en 57 mans wat in die kamp gesterf het.

Opvoedkundige hoofstad

Met die inhuldiging van die Stadsaal in 1909, is generaal Jan Smuts, toe die koloniale sekretaris, uitgevra oor die moontlikheid dat Potchefstroom die hoofstad van die Unie van Suid-Afrika sou word. Smuts het geantwoord dat hoewel dit nie moontlik is nie, Potchefstroom as Suid-Afrika se vernaamste opvoedkundige sentrum erken sal word. Die Stadsaal, 'n klassieke Eduardiaanse gebou met twee parallelle onafhanklike vleuels, is in 1907 ontwerp en op 10 Maart 1909 ingehuldig.

Christelike opvoeding

Die Potchefstroom Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (tans bekend as Noordwes Universiteit het uit die Teologiese Kollege van die Gereformeerde Kerk ontwikkel. Die teologiese kweekskool van die Gereformeerde Kerk is in 1869 op Burgersdorp gestig en is in 1905 na Potchefstroom verskuif. Dit het ontwikkel in die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika is op 11 Februarie 1859 in Rustenburg gestig. Die Vrye Christelike Skool is sewe jaar later gestig en daaruit het die Voorbereidende Skool ontwikkel waar kandidate vir teologiese studies voorberei is.

Die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) is wêreldwyd bekend vir sy nalatenskap van die hoogste standaard van Gereformeerde onderwys.

Die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) is wêreldwyd bekend vir sy nalatenskap van die hoogste standaard van Gereformeerde onderwys. Die musiekkonservatorium, biblioteek en museum is uitsonderlik en die museumuitstallings sluit 75 oorspronklike skilderye van die gevierde Duitse kunstenaar, Otto Landsberg, in. »

Potchefstroom

Laeveldse erfenis

Die Potchefstroomdam

Die botaniese tuin

Die Potchefstroom 'High School for Girls' is in 1874 gestig. Die Voorbereidende Skool is in 1907 gevestig as die Potchefstroom Gimnasium om jong manne vir teologiese studie voor te berei. Dit was een van die skole in die land wat Afrikaans in plaas van Hollands vroeg reeds as onderrigtaal te gebruik.

Historiese Kerke

Die kruisvormige Nederduits Hervormde Kerk is in 1859 gebou. Die Berlyn Sendingkompleks is eers in 1875 in die koloniale Gotiese styl gebou met 'n parketvloer en gallery. In 1838 is dit hernoem as die Evangeliese Lutheraanse Gemeente. Die Nederduits Gereformeerde Moedergemeente in Potchefstroom is in 1895 in die Gotiese styl gebou. President Paul Kruger het die hoeksteen gelê. Hierdie kerk was 'n tydelike hospitaal gedurende die Anglo-Boereoorlog.

Historiese geboue

Die ou Kruithuis is in 1855 gebou en die ou Poskantoorgebou in 1897. Die Suid-Afrikaanse Nasionale Artillerie Oorloggedenksteen is gebou om die artilleriesoldate wat gedurende die Tweede Wêreldoorlog gesneuwel het te herdenk. Die President Pretorius Huismuseum bevat talle artefakte uit die tyd toe Potchefstroom die hoofstad van die ZAR was. In 1938 is 'n Eeufeesgedenkmonument opgerig en verteenwoordigers van die moedergemeentes van die drie Afrikaanse kerke het die hoekstene gelê.

Jacob Daniel du Toit (1877-1953)

Die man wat die grootste bydrae gelewer het tot die voltooiing van die vertaling van die Afrikaanse Bybel uit Grieks en Hebreeus is Totius – dr J.D. du Toit, die seun van S.J. du Toit wat 'n stigterslid van die Genootskap van Regte Afrikaners was. Hy het sy teologiese opleiding by Burgersdorp ontvang, en gedurende die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) as 'n kapelaan vir Boere-kommando's gedien. Hy het sy doktersgraad in teologie aan die Vrye Universiteit van Amsterdam verwerf en is by die Gereformeerde Kerk ingeseën. Hy het van 1916 tot 1933 aan die vertaling van die Bybel in Afrikaans gewerk en was verantwoordelik vir 'n groot deel van die vertaling van die Bybel. Hy het voltooi wat sy vader, S.J. du Toit, begin het. Totius het ook die Afrikaanse Psalmberyminge gedoen en verskeie digbundels die lig laat sien. Die Totiusmuseum in Potchefstroom bevat oorspronklike meubelstukke en artefakte uit die tyd toe Totius en sy gesin die huis bewoon het.

Totius het die grootste bydrae gelewer tot die voltooiing van die vertaling van die Afrikaanse Bybel; het ook die Afrikaanse Psalmberyminge gedoen, en verskeie digbundels die lig laat sien.

DR PETER *HAMMOND is 'n sendeling, historikus en outeur. Skakel 021 689 4480;* mission@frontline.org.za; www.ReformationSA.org

Totius

Potchefstroom gedurende Aardklop